STAATSKOERANT

VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

GOVERNMENT GAZETTE

As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer *Registered at the Post Office as a Newspaper*

PRYS (AVB ingesluit) 30c PRICE (GST included)
BUITELANDS 40c ABROAD
POSVRY · POST FREE

VOL. 201] KAAPSTAD, 3 MAART 1982 CAPE TOWN, 3 MAART 1982 [No. 8034

KANTOOR VAN DIE EERSTE MINISTER

No. 325. 3 Maart 1982.

Hierby word bekend gemaak dat die Staatspresident sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

No. 1 van 1982: Wysigingswet op Werkloosheidversekering, 1982.

OFFICE OF THE PRIME MINISTER

No. 325. 3 Maart 1982.

It is hereby notified that the State President has assented to the following Act which is hereby published for general information:—

No. 1 of 1982: Unemployment Insurance Amendment Act, 1982.

ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:

[ ] Woorde in vet druk tussen vierkantige hake dui skrappings uit bestaande verordenings aan.

Woorde met 'n volstreep daaronder, dui invoegings in bestaande verordenings aan.

WET

Tot wysiging van die Werkloosheidversekeringswet, 1966, ten einde sekere uitdrukkings nader te omskryf of te vervang, en voorsiening te maak vir die staking van die verstrekking van jaarverslae deur werkloosheidbystandskomitees, vir die toelaatbaarheid van sekere reproduksies van sekere aantekeninge, en vir die erkenning, vir die doeleindes van die betaling van werkloosheid-, siekte- of kraamvoordele aan bydraers en sekere ander bedrae aan afhanklikes van oorlede bydraers, van sekere tydperke waartydens militêre diens en opleiding verrig en ondergaan word; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

(*Engelse teks deur die Staatspresident geteken.*)
(*Goedgekeur op 16 Februarie 1982.*)

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

Wysiging van artikel 1 van Wet 30 van 1966, soos gewysig deur artikel 1 van Wet 29 van 1977, artikel 1 van Wet 9 van 1979 en artikel 1 van Wet 1 van 1981.

1. (1) Artikel 1 van die Werkloosheidversekeringswet, 1966 (hieronder die Hoofwet genoem), word hierby gewysig—

(a) deur die volgende omskrywing na die omskrywing van ,,bydraer" in te voeg:

,,,Direkteur-generaal' die Direkteur-generaal: Mannekrag en, met betrekking tot die uitoefening, verrigting of uitvoering van 'n bevoegdheid, werksaamheid of plig wat die Direkteur-generaal ingevolge artikel 51 aan 'n beampte of werknemer in sy departement gedelegeer het, ook daardie beampte of werknemer;";

(b) deur die omskrywing van ,,Kommissie" te skrap;

(c) deur die omskrywing van ,,Minister" deur die volgende omskrywing te vervang:

,,,Minister' die Minister van **[Arbeid]** Mannekrag;"; en

(d) deur die omskrywing van ,,Sekretaris" te skrap.

(2) Paragrawe *(a)* en *(d)* van subartikel (1) word geag op 1 April 1980 in werking te getree het, en paragraaf *(b)* van daardie subartikel word geag op 1 Augustus 1979 in werking te getree het.

Wysiging van artikel 6 van Wet 30 van 1966, soos gewysig deur artikel 3 van Wet 9 van 1979.

2. Artikel 6 van die Hoofwet word hierby gewysig deur in paragraaf *(c)* die woorde ,,Gekonsolideerde Inkomstefonds" deur die woord ,,Staatsinkomstefonds" te vervang.

Wysiging van artikel 7 van Wet 30 van 1966, soos gewysig deur artikel 1 van Wet 118 van 1977 en artikel 4 van Wet 9 van 1979.

3. Artikel 7 van die Hoofwet word hierby gewysig deur in paragraaf *(d)* die woorde ,,Gekonsolideerde Inkomstefonds" en ,,Departement van Arbeid" deur onderskeidelik die woorde ,,Staatsinkomstefonds" en ,,Departement van Mannekrag" te vervang.

GENERAL EXPLANATORY NOTE:

[ ] Words in bold type in square brackets indicate omissions from existing enactments.

Words underlined with solid line indicate insertions in existing enactments.

ACT

To amend the Unemployment Insurance Act, 1966, so as further to define or to replace certain expressions, and to provide for the discontinuation of the furnishing of annual reports by unemployment benefit committees, for the admissibility of certain reproductions of certain records, and for the recognition, for the purposes of the payment of unemployment, illness and maternity benefits to contributors and certain other amounts to dependants of deceased contributors, of certain periods during which military service and training are performed and undergone; and to provide for matters connected therewith.

(*English text signed by the State President.*)
(*Assented to 16 February 1982.*)

BE IT ENACTED by the State President and the House of Assembly of the Republic of South Africa, as follows:—

Amendment of section 1 of Act 30 of 1966, as amended by section 1 of Act 29 of 1977, section 1 of Act 9 of 1979 and section 1 of Act 1 of 1981.

1. (1) Section 1 of the Unemployment Insurance Act, 1966 (hereinafter referred to as the principal Act), is hereby amended—

(a) by the deletion of the definition of "Commission";

(b) by the insertion after the definition of "contributor" of the following definition:

"'Director-General' means the Director-General: Manpower and, in relation to the exercise, performance or carrying out of any power, function or duty delegated by the Director-General to an officer or employee in his department in terms of section 51, includes that officer or employee;";

(c) by the substitution for the definition of "Minister" of the following definition:

"'Minister' means the Minister of **[Labour]** Manpower;"; and

(d) by the deletion of the definition of "Secretary".

(2) Paragraph *(a)* of subsection (1) shall be deemed to have come into operation on 1 August 1979, and paragraphs *(b)* and *(d)* of that subsection shall be deemed to have come into operation on 1 April 1980.

Amendment of section 6 of Act 30 of 1966, as amended by section 3 of Act 9 of 1979.

2. Section 6 of the principal Act is hereby amended by the substitution in paragraph *(c)* for the words "Consolidated Revenue Fund" of the words "State Revenue Fund".

Amendment of section 7 of Act 30 of 1966, as amended by section 1 of Act 118 of 1977 and section 4 of Act 9 of 1979.

3. Section 7 of the principal Act is hereby amended by the substitution in paragraph *(d)* for the words "Consolidated Revenue Fund" and "Department of Labour" of the words "State Revenue Fund" and "Department of Manpower", respectively.

Wysiging van artikel 8 van Wet 30 van 1966.

4. Artikel 8 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

,,(1) Die gelde van die fonds, behalwe die gelde wat nodig is om die lopende uitgawes in verband met die uitvoering van hierdie Wet te dek, word by die **[Openbare Skuldkommissarisse]** Staatskuldkommissarisse in 'n rekening, met die naam van die werkloosheidversekeringsfondsrekening, gestort en sodanige gelde word as ‚deposito's' kragtens **[artikel 9 van die ‚Openbare Schuld Kommissarissen Wet, 1911' (Wet No. 18 van 1911)]** artikel 5 van die Wet op die Staatskuldkommissarisse, 1969 (Wet No. 2 van 1969), beskou.".

Wysiging van artikel 10 van Wet 30 van 1966.

5. Artikel 10 van die Hoofwet word hierby gewysig deur in subartikel (1) die woorde ,,Departement van Arbeid" en ,,Gekonsolideerde Inkomstefonds" deur onderskeidelik die woorde ,,Departement van Mannekrag" en ,,Staatsinkomstefonds" te vervang.

Wysiging van artikel 11 van Wet 30 van 1966.

6. Artikel 11 van die Hoofwet word hierby gewysig deur in subartikel (3) die woorde ,,Kontroleur en Ouditeur-generaal" deur die woord ,,Ouditeur-generaal" te vervang.

Vervanging van artikel 20 van Wet 30 van 1966.

7. Artikel 20 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

,,Verslae van komitees.

20. 'n Komitee verstrek aan die **[Sekretaris—**

(a) **voor die een-en-dertigste dag van Januarie in elke jaar, of so spoedig doenlik daarna, 'n jaarverslag in duplo van sy handelinge gedurende die voorafgaande boekjaar, asook die verdere inligting wat die Sekretaris ten opsigte van daardie jaar verlang; en**

*(b)***]** Direkteur-generaal te eniger **[ander]** tyd die inligting betreffende sy werksaamhede wat die **[Sekretaris]** Direkteur-generaal verlang.".

Wysiging van artikel 32 van Wet 30 van 1966, soos gewysig deur artikel 3 van Wet 51 van 1975.

8. Artikel 32 van die Hoofwet word hierby gewysig—

(a) deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

,,(1) Elke werkgewer moet ten opsigte van elke bydraer by hom in diens aantekenings hou van betaalde verdienstes, gewerkte tyd en betaling vir stukwerk of oortyd en van al die ander besonderhede wat voorgeskryf word, en moet so 'n aantekening of 'n mikrofilm- of ander mikrovormreproduksie daarvan bewaar vir 'n tydperk van drie jaar na die datum waarop **[dit]** genoemde aantekening gemaak word."; en

(b) deur subartikel (3) deur die volgende subartikel te vervang:

,,(3) 'n Werkgewer moet te alle redelike tye die in subartikel (1) bedoelde aantekenings of reproduksie daarvan aan 'n inspekteur op sy versoek ter insae oorlê.".

Wysiging van artikel 35 van Wet 30 van 1966, soos vervang deur artikel 15 van Wet 9 van 1979.

9. Artikel 35 van die Hoofwet word hierby gewysig deur die voorbehoudsbepaling by paragraaf *(a)* van subartikel (13) deur die volgende voorbehoudsbepaling te vervang:

,,Met dien verstande dat by die toepassing van hierdie paragraaf sodanige bydraer geag word as 'n bydraer werksaam te gewees het gedurende enige tydperk waartydens hy **[die ononderbroke diens beoog in artikel 22 (3) van die Verdedigingswet, 1957 (Wet No. 44 van 1957)]** by enige deel van die Suid-Afrikaanse Weermag (uitgesonderd die Staande Mag) of die Reserwe ooreenkomstig die bedoeling van die Verdedigingswet, 1957 (Wet No. 44 van 1957), ononderbroke diens verrig of ononderbroke opleiding ondergaan het;".

Amendment of section 8 of Act 30 of 1966.

4. Section 8 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

"(1) The moneys of the fund other than such moneys as may be required to meet the current expenditure incurred in connection with the administration of this Act shall be deposited with the Public Debt Commissioners in an account to be known as the unemployment insurance fund account, and such moneys shall be regarded as 'deposits' in terms of **[section 9 of the Public Debt Commissioners Act, 1911 (Act No. 18 of 1911)]** section 5 of the Public Debt Commissioners Act, 1969 (Act No. 2 of 1969).".

Amendment of section 10 of Act 30 of 1966.

5. Section 10 of the principal Act is hereby amended by the substitution in subsection (1) for the words "Department of Labour" and "Consolidated Revenue Fund" of the words "Department of Manpower" and "State Revenue Fund", respectively.

Amendment of section 11 of Act 30 of 1966.

6. Section 11 of the principal Act is hereby amended by the substitution in subsection (3) for the words "Controller and Auditor-General" of the word "Auditor-General".

Substitution of section 20 of Act 30 of 1966.

7. The following section is hereby substituted for section 20 of the principal Act:

"Reports of committees.

20. A committee shall furnish the **[Secretary—**

(a) **before the thirty-first day of January in each year, or as soon as practicable thereafter, with an annual report in duplicate of its transactions during the preceding financial year, and such other information as the Secretary may require in respect of that year; and**

*(b)***]** Director-General at any **[other]** time with such information relating to its functions as the **[Secretary]** Director-General may require.".

Amendment of section 32 of Act 30 of 1966, as amended by section 3 of Act 51 of 1975.

8. Section 32 of the principal Act is hereby amended—

(a) by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

"(1) Every employer shall keep in respect of every contributor employed by him records of earnings paid, time worked and payment made for piecework or overtime and of any such other particulars as may be prescribed, and shall retain any such record or a microfilm or other microform reproduction thereof for a period of three years after the date on which **[it]** the said record is made."; and

(b) by the substitution for subsection (3) of the following subsection:

"(3) An employer shall at all reasonable times produce the records or reproduction thereof referred to in subsection (1), on demand to any inspector for his inspection.".

Amendment of section 35 of Act 30 of 1966, as substituted by section 15 of Act 9 of 1979.

9. Section 35 of the principal Act is hereby amended by the substitution for the proviso to paragraph *(a)* of subsection (13) of the following proviso:

"Provided that for the purposes of this paragraph such contributor shall be deemed to have been employed as a contributor during any period during which he was **[undergoing the continuous service contemplated in section 22 (3)]** performing any continuous service or undergoing continuous training in any portion of the South African Defence Force (except the Permanent Force) or the Reserve, within the meaning of the Defence Act, 1957 (Act No. 44 of 1957);".

Wysiging van artikel 36 van Wet 30 van 1966, soos vervang deur artikel 16 van Wet 9 van 1979 en gewysig deur artikel 3 van Wet 1 van 1981.

10. Artikel 36 van die Hoofwet word hierby gewysig—

(a) deur in subartikel (2) die woorde ,,Minister van Gesondheid" deur die woorde ,,Minister van Gesondheid en Welsyn" te vervang;

(b) deur die voorbehoudsbepaling by paragraaf *(e)* van subartikel (6) deur die volgende voorbehoudsbepaling te vervang:

,,Met dien verstande dat by die toepassing van hierdie paragraaf sodanige bydraer geag word as 'n bydraer werksaam te gewees het gedurende enige tydperk waartydens hy **[die ononderbroke diens beoog in artikel 22 (3) van die Verdedigingswet, 1957 (Wet No. 44 van 1957)]** by enige deel van die Suid-Afrikaanse Weermag (uitgesonderd die Staande Mag) of die Reserwe, ooreenkomstig die bedoeling van die Verdedigingswet, 1957 (Wet No. 44 van 1957), ononderbroke diens verrig of ononderbroke opleiding ondergaan het.".

(c) deur in die Engelse teks in die voorbehoudsbepaling by subartikel (7) die woord ,,upon" deur die woord ,,from" te vervang; en

(d) deur subartikel (8) deur die volgende subartikel te vervang:

,,(8) 'n Bydraer, met inbegrip van 'n bydraer in subartikel (1) *(b)* bedoel, word nie geag werkloos te geword het langer as twee-en-vyftig weke **[voor die datum]** wat die datum onmiddellik voorafgaan waarop aansoek ingevolge subartikel (3) gedoen word nie.".

Wysiging van artikel 37 van Wet 30 van 1966, soos vervang deur artikel 17 van Wet 9 van 1979 en gewysig deur artikel 4 van Wet 1 van 1981.

11. Artikel 37 van die Hoofwet word hierby gewysig—

(a) deur paragraaf *(a)* van subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:

,,*(a)* ten opsigte van haar swangerskap vir 'n tydperk van hoogstens agtien weke wat nie vroeër begin nie as agtien weke **[voor]** wat die verwagte datum van haar bevalling onmiddellik voorafgaan of, waar aansoek om voordele op of na die datum van geboorte gedoen is, agtien weke wat die geboortedatum onmiddellik voorafgaan, na gelang van die geval; en"; en

(b) deur die volgende verdere voorbehoudsbepaling by subartikel (5) te voeg:

,,Met dien verstande voorts dat by die toepassing van hierdie subartikel sodanige bydraer geag word as 'n bydraer werksaam te gewees het gedurende enige tydperk waartydens sy by enige deel van die Suid-Afrikaanse Weermag (uitgesonderd die Staande Mag) of die Reserwe, ooreenkomstig die bedoeling van die Verdedigingswet, 1957 (Wet No. 44 van 1957), ononderbroke diens verrig of ononderbroke opleiding ondergaan het."; en

(c) deur die voorbehoudsbepaling by subartikel (6) deur die volgende voorbehoudsbepaling te vervang:

,,Met dien verstande dat sy nie geag word meer as ses-en-twintig weke **[voor die datum]** wat die datum onmiddellik voorafgaan waarop aansoek kragtens subartikel (2) gedoen is, werkloos te geraak het nie.".

Wysiging van artikel 38 van Wet 30 van 1966, soos vervang deur artikel 18 van Wet 9 van 1979 en gewysig deur artikel 5 van Wet 1 van 1981.

12. Artikel 38 van die Hoofwet word hierby gewysig deur die volgende voorbehoudsbepaling by paragraaf *(b)* van subartikel (3) te voeg:

,,Met dien verstande dat by die toepassing van hierdie paragraaf sodanige bydraer geag word as 'n bydraer werksaam te gewees het gedurende enige tydperk waartydens hy by enige deel van die Suid-Afrikaanse Weermag (uitgesonderd die Staande Mag) of die Reserwe, ooreen-

Amendment of section 36 of Act 30 of 1966, as substituted by section 16 of Act 9 of 1979 and amended by section 3 of Act 1 of 1981.

10. Section 36 of the principal Act is hereby amended—

(a) by the substitution in subsection (2) for the words "Minister of Health" of the words "Minister of Health and Welfare";

(b) by the substitution for the proviso to paragraph *(e)* of subsection (6) of the following proviso:

"Provided that for the purposes of this paragraph such contributor shall be deemed to have been employed as a contributor during any period during which he was **[undergoing the continuous service contemplated in section 22 (3)]** performing any continuous service or undergoing continuous training in any portion of the South African Defence Force (except the Permanent Force) or the Reserve, within the meaning of the Defence Act, 1957 (Act No. 44 of 1957).".

(c) by the substitution in the proviso to subsection (7) for the word "upon" of the word "from"; and

(d) by the substitution for subsection (8) of the following subsection:

"(8) A contributor, including a contributor referred to in subsection (1) *(b)*, shall not be deemed to have become unemployed more than fifty-two weeks **[prior to]** immediately preceding the date upon which application is made in terms of subsection (3).".

Amendment of section 37 of Act 30 of 1966, as substituted by section 17 of Act 9 of 1979 and amended by section 4 of Act 1 of 1981.

11. Section 37 of the principal Act is hereby amended—

(a) by the substitution for paragraph *(a)* of subsection (1) of the following paragraph:

"*(a)* in respect of her pregnancy for a period not exceeding eighteen weeks commencing not earlier than eighteen weeks **[prior to]** immediately preceding the expected date of her confinement or, where application for benefits is made on or after the date of birth, eighteen weeks immediately preceding the date of birth, as the case may be; and";

(b) by the addition to subsection (5) of the following further proviso:

"Provided further that for the purposes of this subsection such contributor shall be deemed to have been in employment as a contributor during any period during which she was performing any continuous service or undergoing continuous training in any portion of the South African Defence Force (except the Permanent Force) or the Reserve, within the meaning of the Defence Act, 1957 (Act No. 44 of 1957).''; and

(c) by the substitution for the proviso to subsection (6) of the following proviso:

"Provided that she shall not be deemed to have become unemployed more than twenty-six weeks **[prior to]** immediately preceding the date upon which application is made in terms of subsection (2).".

Amendment of section 38 of Act 30 of 1966, as substituted by section 18 of Act 9 of 1979 and amended by section 5 of Act 1 of 1981.

12. Section 38 of the principal Act is hereby amended by the addition of the following proviso to paragraph *(b)* of subsection (3):

"Provided that for the purposes of this paragraph such contributor shall be deemed to have been in employment as a contributor during any period during which he was performing any continuous service or undergoing continuous training in any portion of the South African

komstig die bedoeling van die Verdedigingswet, 1957 (Wet No. 44 van 1957), ononderbroke diens verrig of ononderbroke opleiding ondergaan het.".

Wysiging van artikel 45 van Wet 30 van 1966, soos gewysig deur artikel 7 van Wet 29 van 1977 en artikel 20 van Wet 9 van 1979.

13. Artikel 45 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (3) te skrap.

Wysiging van artikel 50 van Wet 30 van 1966, soos vervang deur artikel 9 van Wet 29 van 1977.

14. Artikel 50 van die Hoofwet word hierby gewysig deur in subartikel (4) die uitdrukking ,,36" deur die uitdrukking ,,34" te vervang.

Wysiging van artikel 53 van Wet 30 van 1966, soos gewysig deur artikel 25 van Wet 9 van 1979.

15. Artikel 53 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

,,(2) Die in subartikel (1) bedoelde verslag, tesame met die in artikel 11 (2) bedoelde staat van inkomste en uitgawes en balansstaat, moet binne dertig dae na ontvangs daarvan deur die Minister **[in die Senaat en]** in die Volksraad ter Tafel gelê word as die Parlement dan in gewone sessie is of, as die Parlement nie dan in gewone sessie is nie, binne veertien dae na die aanvang van sy eersvolgende gewone sessie.".

Wysiging van artikel 60 van Wet 30 van 1966, soos gewysig deur artikel 28 van Wet 9 van 1979.

16. Artikel 60 van die Hoofwet word hierby gewysig deur die volgende subartikel by te voeg:

,,(5) By enige verrigtinge ingevolge hierdie Wet is 'n verklaring of inskrywing wat voorkom in enige boek of stuk wat deur 'n werkgewer gehou word, of wat gevind word op of in 'n perseel wat deur daardie werkgewer geokkupeer word, of op 'n voertuig wat in die besigheid van daardie werkgewer gebruik word, en enige afskrif of reproduksie (hetsy deur middel van mikroverfilming of 'n ander proses verkry) van so 'n verklaring of inskrywing, toelaatbaar by wyse van getuienis teen hom as 'n erkenning van die feite in daardie verklaring of inskrywing uiteengesit, tensy bewys word dat daardie verklaring of inskrywing nie deur daardie werkgewer gedoen is nie.".

Wysiging van artikel 62 van Wet 30 van 1966, soos gewysig deur artikel 30 van Wet 9 van 1979.

17. Artikel 62 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikels (2) en (3) deur onderskeidelik die volgende subartikels te vervang:

"(2) Regulasies kragtens subartikel (1) uitgevaardig, word **[in die Senaat en]** in die Volksraad ter Tafel gelê binne veertien dae na die afkondiging daarvan, as die Parlement dan in sessie is, en as die Parlement nie dan in sessie is nie, binne veertien dae na die aanvang van sy eersvolgende sessie.

(3) Indien **[die Senaat of]** die Volksraad 'n besluit aanneem waarby so 'n regulasie afgekeur word, verval daardie regulasie vanaf die datum in die besluit vermeld te word, en geen regulasie met 'n soortgelyke strekking word daarna kragtens subartikel (1) uitgevaardig nie, behalwe met behoorlike inagneming van die bepalings van die besluit of van 'n latere besluit wat daardie besluit herroep of wysig.".

Wysiging van artikels 2, 6, 7, 10, 11, 13, 16, 17, 18, 26, 28, 29, 30, 31, 32, 33, 35, 38, 43, 45, 49, 50, 51, 52, 53, 56, 59, 60 en 64C van Wet 30 van 1966.

18. (1) Artikels 2, 6, 7, 10, 11, 13, 16, 17, 18, 26, 28, 29, 30, 31, 32, 33, 35, 38, 43, 45, 49, 50, 51, 52, 53, 56, 59, 60 en 64C van die Hoofwet word hierby gewysig deur die woord ,,Sekretaris", oral waar dit daarin voorkom, deur die woord ,,Direkteur-generaal" te vervang.

(2) Subartikel (1) word geag op 1 April 1980 in werking te getree het.

Defence Force (except the Permanent Force) or the Reserve, within the meaning of the Defence Act, 1957 (Act No. 44 of 1957).".

13. Section 45 of the principal Act is hereby amended by the deletion of subsection (3). Amendment of section 45 of Act 30 of 1966, as amended by section 7 of Act 29 of 1977 and section 20 of Act 9 of 1979.

14. Section 50 of the principal Act is hereby amended by the substitution in subsection (4) for the expression "36" of the expression "34". Amendment of section 50 of Act 30 of 1966, as substituted by section 9 of Act 29 of 1977.

15. Section 53 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (2) of the following subsection: Amendment of section 53 of Act 30 of 1966, as amended by section 25 of Act 9 of 1979.

"(2) The report referred to in subsection (1) together with the statement of income and expenditure and the balance sheet referred to in section 11 (2) shall be laid upon the Table **[in the Senate and]** in the House of Assembly within thirty days after the receipt thereof by the Minister if Parliament is then in ordinary session or, if Parliament is not then in ordinary session, within fourteen days of the commencement of its next ensuing ordinary session.".

16. Section 60 of the principal Act is hereby amended by the addition of the following subsection: Amendment of section 60 of Act 30 of 1966, as amended by section 28 of Act 9 of 1979.

"(5) In any proceedings under this Act, any statement or entry contained in any book or document kept by any employer or found upon or in any premises occupied by, or upon any vehicle used in the business of, that employer, and any copy or reproduction (whether obtained by microfilming or any other process) of any such statement or entry, shall be admissible in evidence against him as an admission of the facts set forth in that statement or entry, unless it is proved that that statement or entry was not made by that employer.".

17. Section 62 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsections (2) and (3) of the following subsections, respectively: Amendment of section 62 of Act 30 of 1966, as amended by section 30 of Act 9 of 1979.

"(2) Regulations made under subsection (1) shall, within fourteen days after the promulgation thereof, be laid upon the Table **[in the Senate and]** in the House of Assembly, if Parliament is then in session, and if Parliament is not then in session, within fourteen days after the commencement of its next ensuing session.

(3) If a resolution is passed by **[the Senate or]** the House of Assembly disapproving of any such regulation, that regulation shall lapse as from a date to be specified in the resolution, and no regulation having a similar import shall thereafter be made under subsection (1), except with due regard to the terms of such resolution or of any subsequent resolution rescinding or modifying such resolution.".

18. (1) Sections 2, 6, 7, 10, 11, 13, 16, 17, 18, 26, 28, 29, 30, 31, 32, 33, 35, 38, 43, 45, 49, 50, 51, 52, 53, 56, 59, 60 and 64C of the principal Act are hereby amended by the substitution for the word "Secretary", wherever it occurs therein, of the word "Director-General". Amendment of sections 2, 6, 7, 10, 11, 13, 16, 17, 18, 26, 28, 29, 30, 31, 32, 33, 35, 38, 43, 45, 49, 50, 51, 52, 53, 56, 59, 60 and 64C of Act 30 of 1966.

(2) Subsection (1) shall be deemed to have come into operation on 1 April 1980.

Kort titel en inwerkingtreding.

19. Hierdie Wet heet die Wysigingswet op Werkloosheidversekering, 1982, en tree in werking op 'n datum wat die Staatspresident by proklamasie in die *Staatskoerant* bepaal.

Short title and commencement.

19. This Act shall be called the Unemployment Insurance Amendment Act, 1982, and shall come into operation on a date fixed by the State President by proclamation in the *Gazette*.

GEDRUK VIR DIE STAATSDRUKKER, PRETORIA, DEUR KAAP & TRANSVAAL DRUKKERS (EDMS) BPK, KAAPSTAD—BB3162/13 600.
PRINTED FOR THE GOVERNMENT PRINTER, PRETORIA, BY CAPE & TRANSVAAL PRINTERS (PTY) LTD, CAPE TOWN—BB3162/13 600.